
# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

15 Februarie 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens

### Mag jy kom saam reis hierdie Lydenstyd @ Hoogland

Mag jy sommer tuis voel in die Hoogland Geloofsfamilie – ons is 'n gemeente met warm harte wat omgee vir mekaar en vir elke besoeker.
Die leraar(s) sien ook daarna uit om jou te ontmoet; kom maak asseblief intussen kennis ná afloop van die erediens by die Gemeentedienste-dame in die Voorportaal (die tafel by die Hoofingang).

Besoek ook Hoogland se webblad www.pehoogland.co.za of kontak Annalize in die kerkkantoor sodat ons kan kennis maak.



## Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 GVG - in hul onderskeie lokale

*Deurkollekte: Eluthandweni (Hoogland se uitreik na vigs pasiënte in Motherwell)*

## Algemeen

### Program vir die week:

**Dinsdag: 17 Februarie**
08:15 Finansies vergadering
11:00 Gebedsaksie & Bybelstudie

**Woensdag: 18 Februarie**
ASWOENSDAGDIENS & Nagmaal
16:30 B'fontein
18:30 Kerkgebou
GEEN B/fontein Bybelstudie
GEEN Gemeente Bybelstudie

**Donderdag: 19 Februarie**
18:00 Doopkursus

**Vrydag: 20 Februarie**
05:15 Mannebediening




### Dankoffers:

Jou dankoffer help om geloof te leef, liefde te wys en hoop te bring.

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

ONTHOU gerus om u koffie-donasie in die houer te gooi as u kom saamkuier na afloop van die Erediens!


*WhatsApp* asseblief Gebedsversoeke vertroulik na 079 815 9325.
Daar is altyd 'n span wat saam met jou en namens jou sal intree.
Die Gebedsaksie ontmoet elke Dinsdagoggend om 11:00 in die Kapel.

Jy kan ook deel word van die *WhatsApp* groep — stuur net GEBED saam met jou naam en van na Hoogland se *WhatsApp*-nommer 079 815 9325.

Hoogland-dames vra asseblief vir enige DUBBELDRAAD WOL donasies om hul geloof deur baie liefde tot dade uit te "brei".

# VERDIEP

## Lydenstyd 2026



Lydenstyd is 'n uitnodiging om plek oop te maak vir God se werking in ons lewe en werklik te verdiep. Saam met Jesus, wat sy gesig vasgestel het op Jerusalem, beweeg Sondae deur die temas:

#1 Vasgestel
#2 Verganklik
#3 Verlossing
#4 Verander
#5 Verhouding
#6 Volhard

**'N DAAGLIKSE LYDENSTYDREIS**

Elke Sondag sluit aan by 'n daaglikse 46-dae Lydensreis met Skrif, stilte en eenvoudige praktyke wat help om plek te maak en dieper te luister na God.

📖 **VERDIEP-boek beskikbaar teen R50**

**by die kerkkantoor of Sondag ná die erediens.**

### MIGHTY MEN : MANNEONTBYT
### Saterdag, 7 Maart | 09:00
### @ Hoogland

Hoogland se manne – hierdie oggend is **vir JÓÚ en** ook vir elke man wat hunker na méér: méér diepte, méér betekenis, méér krag vir die pad vorentoe.

Kom geniet 'n **heerlike ontbyt**, hoor **kragtige getuienisse** en raak deel van **opregte *praise & worship***.

**Kaartjies:** R65 (kontant)

- By die kerkkantoor
- Of by Eugene: 082 378 3839

**Navrae:** Gesels gerus met Leandra.



# Uit die hart … VERDIEP: 'n reis saam met Jesus

Hierdie week begin Lydenstyd…
'n Seisoen wat ons herinner aan die pad wat Jesus doelbewus gestap het: die pad na Jerusalem; die pad van selfgawe en die pad van liefde.
Die woord wat hierdie jaar ons reis verwoord, is eenvoudig: VERDIEP.
Lydenstyd is nie net 'n tyd om iets prys te gee nie, maar 'n tyd om plek oop te maak. Plek om: stadiger te leef; eerlik na ons harte te kyk; weer die stem van God te hoor.
Hierdie reis begin op Aswoensdag (18 Februarie) en van daardie dag af volg ons saam 'n 46-dae Lydenstydreis wat ons voorberei vir Paasnaweek.

## Hoe kan ek saam op reis wees gedurende Lydenstyd 2026?

### 1. Die daaglikse Lydenstydreis

Die VERDIEP-boek help ons om elke dag stil te word met Skrif, gebed en refleksie. Hierdie eenvoudige ritme help ons om plek oop te maak vir God se vormende werk.

### 2. Sondag-eredienste

Die eredienste sluit by hierdie reis aan. Elke week verdiep ons saam in temas soos:
Vasgestel. Verganklik. Verlossing. Verander. Verhouding. Volhard.

### 3. Die ROOI lap as teken

Elkeen word genooi om 'n rooi lap aan 'n deur, hek of boom by die huis vas te maak. Hierdie sigbare teken herinner ons aan Christus se liefde en getuig van die pad waarop ons saam met Hom stap.

### 4. Die geloofsgewoonte van vas

Lydenstyd nooi ons om te vas: om doelbewus van iets afstand te doen, sodat ons plek oopmaak vir God. Vas gaan nie oor wat ons "opgee" nie, maar oor Wie ons weer ontdek. Dit is 'n eenvoudige manier om te sê: Here, U is genoeg.

Hierdie reis begin met 'n eenvoudige besluit: om jou hart weer op God te rig.

Mag hierdie Lydenstyd vir elkeen van ons 'n tyd wees van verdieping — 'n reis waarin ons ontdek dat God naby is en ons nooi om saam met Hom te leef.

**Pieter**